Woensdag 26 Augustus
Skrifgedeelte: Romeine 15:1-6
Fokusgedeelte: Romeine 15:1-3
Wees geduldig met mekaar na die voorbeeld van Christus

Paulus was versigtig en geduldig met ander gelowiges se swakheide in die uitlewing van hulle geloof. Uit die Skrifte het hy geleer om ander in ag te neem. Christene dink nie noodwendig dieselfde nie. Om nie jouself te behaag nie, vra nederigheid en selfopoffering. Om eie belange voorop te stel, bewerk uiteindelik onenigheid. Dit beteken dat God se wil en eer in alles voorop gestel moet word. Dié wat hulle deur die Woord en Gees laat lei, is daartoe in staat.

Om nie aanstoot te gee of net aan jouself te dink nie, is nie maklik nie. Christus stel ons egter in staat om ons naaste soos onsself lief te hê. Sodoende kan ons in liefde onsself opoffer. In belang van iemand wat swakker in die geloof is, kan hy of sy geduldig tegemoet gekom word. Jesus Christus het Homself nie behaag nie. Met volmaakte selfverloëning het Hy Homself in ons belang opgeoffer deur God se wil te gehoorsaam – tot sy eer (Ps. 69:10).

Die liefde van Christus moet deur almal weerspieël word. Die Heilige Gees rig ons gedagtes en harte na die Skrif om God se wil te gehoorsaam. Almal se gesindheid moet meewerk om, tot eer van God, Hom eenstemmig te verheerlik. Hy alleen is die Bron van geduld en vertroosting. Hy bewerk geduldige volharding en aanmoediging deur sy Woord en Gees. Met lydsaamheid en sagtheid is ons gewillig om onsself aan God se wil te onderwerp.

Diegene wat meer kennis en insig van God verkry het, kan en wil dié wat swakker in geloof is, ondersteun. Harmonie tussen gelowiges is noodsaaklik om God te verheerlik. Verdeeldheid verskeur die liggaam van Christus. As jy aanstoot gee, leef jy nie meer volgens die liefde van Christus nie. Geestelike selfgenoegsaamheid en egoïsme word ten sterkste afgewys. Eensgesindheid eis selfverloëning. Hierin is Christus vir ons die voorbeeld van volmaakte gehoorsaamheid aan God se wil en eer.

*Sing: Psalm 69-1:3, 12, 13, 14 (ou wysie Ps. 59)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*